NEWSLETTER: QUARTER 1 -2019

ULYSSES CENTURION CHAPTER QUARTER 1, 2019

CENTURION

CONTENT

Our first issue!	**P.1**
Chapter events in the past Quarter	**P.1**
News from the AGM	**P.2**
Chapter charities	**P.4**
Major trips	**P.4**
Upcoming events in Quarter 2	**P.5**
Members' news	**P.5**
Colourful Characters	**P.5**
Backchat	**P.6**

Any comments on the content of this newsletter may be directed to:

Francaise du Preez,
Chapter Liaison
083 320 8124

FIRST ISSUE!

Ulysses Centurion Chapter launches quarterly newsletter

Well, it's been a long time coming. Our chapter is one of the largest in the country's Ulysses family and a lot of things happen every month. The club committee therefor decided to launch a newsletter to keep everyone informed of the club's activities and to keep track of all the events. This newsletter is intended to be published every quarter and we will distribute it to our other chapters for their insight as well.

Expect the format, layout and other aspects to be refined on an ongoing basis as we find our feet… We will mix stories in both English and Afrikaans and contributions from our members will also be featured.

ULYSSES CENTURION CHAPTER LAUNCHES THIS FIRST ISSUE OF OUR PLANNED QUARTERLY NEWSLETTER. IN IT, WE INTEND TO SHARE NEWS AND INFORMATION ABOUT CHAPTER ACTIVITIES

CHAPTER EVENTS: JAN – MARCH 2019

An overview of Chapter events for Quarter 1 of 2019.

Eish! We are more than a quarter of the way through the year already! Already this year has brought some universal laughs and madness in the form of a Namibian girl, her bicycle, a pole and her exasperated mother. As we head into the elections, expect the madness to continue, pretty much as usual.

In our chapter, the following events transpired since the start of 2019 to the end of March:

Breakfast run to Raasblaar: 20 January 2019

Majuba Manne trip

The Dog & Fig Brewery Breakfast Run to Parys (25 Feb 2019)

Ama-Sabie girls ride (While the men were gone to Majuba) 17 Feb 2019

NEWS FROM THE CHAPTER AGM

The Chapter's AGM was held on 17 March 2019

The Centurion chapter held its AGM on 17 March 2019 at the Bosvelder, our usual haunt. The message from the Chapter President was:

17 Maart 2019

Baie dankie aan al ons lede vir die vertroue en ondersteuning in my as President en ons komitee vir die afgelope jaar. Nie al die besluite wat ons maak kan altyd reg wees en almal pas nie. Wees egter gerus dat die besluite wat geneem word nie ligtelik gedoen word nie. Dankie aan al ons lede wat dit vir ons maklik maak en ook aan my komitee vir al die harde werk en tyd wat julle opoffer.

Ons het hierdie jaar verskeie aktiwiteite onderneem en ondersteun, om 'n paar te noem, Katse dam, Swaziland, National Rally in Worcester, Midlands wat sy beste kant vir ons gebring het met die sneeu, Scarecrow, saamkuier met die Noorde Chapters, Barnyard kuier, Majuba Run en maandelikse kuiers hier

by die Bosvelder, langs die pad braai saam met Bosveld en elke maand se longrun. Ons het ook Bikers Against Farm Murders run ondersteun sowel as die Toyrun. Dit wil vir my voorkom of ons kampnaweke iets is om na uit te sien en wag ek in spanning op die tema en verrassings wat die volgende een gaan inhou.

Ons jaarafsluitfunksie was weereens goed ondersteun en ook een van ons hoogtepunte van die jaar. Ons het baie lekker by die Swartkop resiesbaan gekuier maar ongelukkig het die liewe beurtkrag so effens 'n demper daarop geplaas en ons vroeg huis toe gedwing.

Ek moet Itel en Annemarie persoonlik bedank vir die reël van die Lugmag kuiers. Sterkte met die Aftree in Hermanus en hoop julle word deel van die Kaapse Ulysses familie.

Ons land is besig om 'n krisis tyd te beleef en sien ons dit deurskemer na ons eie klub toe, ekonomiese aanslae word by die dag meer en ons lede word met gereelde tussenposes daardeur geraak. Ons as komitee sien dit raak en wil julle aanmoedig om met ons te kom praat. Ons is die Ulysses Centurion familie en het ons 'n uitgebreide Ulysses familie landwyd en kan ons dalk net help.

Gedurende die jaar het daar lede oupas en oumas geword, baie geluk aan almal met die toevoegings tot julle families.

Ons is ook bevoorreg om nie minder as 3 verlowings van klublede die afgelope jaar te gehad het. Baie geluk aan Johan en Annalie wat binnekort voor die kansel staan, Gerrie en Tokkie, en Dries en Christelle, ons is saam bly met julle en mag julle toekoms met seëninge gevul word (en hulle noem ons oud en oor die muur).

Ons moes ook lede ondersteun wat ouers, broers en susters en familielede aan die dood afgestaan het. Weereens baie sterkte vir julle.

Dit is en was baie hartseer vir my en ons Chapter om Mike Nigrini agv 'n motorfietsongeluk aan die dood af te staan Ons sal hom nooit vergeet nie.

Ons was ook nie gevrywaar van erge siektes en operasies nie en is ek dankbaar dat almal gesond is en aan die herstel is.

Ons klub is gesond en ons ledetal bly konstant. Ons verloor wel lede maar ons kry meer nuwe lede by, ons groei stadig maar seker en ek dink dit spreek boekdele. Baie dankie aan elke lid wat met trots sy of haar colours dra en wat deur hulle optrede 'n positiewe beeld van Ulysses Centurion uitdra.

Ons Charity, die Sumsaren fonds is ook goed ondersteun die jaar, alhoewel ons nie 'n spesifieke "Run" vir insameling van fondse gehou het soos in die verlede nie, het ons wel deur ons maandelikse rooi helmet en looitjies en die Barnyard aand genoegsame fondse ingesamel om 'n goeie bydrae vir Sumsaren te maak. Ons insameling van allerlei items deur die jaar maak ook 'n groot bydrae tot die welstand van minder bevoorregte kinders. Ek wil 'n beroep op almal doen om te volhard met die skenkings en finansiële bydraes vir hierdie fonds. Ek weet dit is ietwat verwyderd van ons en ons sien nie elke dag die behoeftes daar raak nie, met dit in ag genome beplan ons 'n run na die gebied waar ons ondersteun en kan ons dan self gaan ervaar waarvoor ons bydraes gaan.

Ons het by geleentheid besoeke van die Nasionale komitee gehad en was die terugvoering aan my dat hulle baie beïndruk is met hoe Centurion funksioneer, die "Vibe" wat hulle voel by ons is fantasties. Aangesien ons tans een van die grootste Chapters is maak hulle ook staat op ons ondersteuning tydens die 2019 Rally by Buffelspoort.

Op hierde punt wil ek graag 'n beroep doen op al ons lede om asb vir die Rally in te skryf. Kom ons mik om die trofee vir die Chapter met die hoogste bywoningsyfer te wen.

Ek is baie trots op die groot aantal damesryers in ons chapter en baie geluk aan julle wat so in die stilte besig is om te oefen en lisensies te verwerf.

Baie dankie aan die komitee vir al die werk gedurende die afgelope jaar, die samewerking in alles wat ons aanpak was fantasties. Ek sê dankie vir die nie-komitee lede wat altyd gretig inspring en help – dit gaan nie ongesiens verby nie. Kom ons as lede sit hierdie jaar 'n daadwerklike poging in met die ondersteuning van ons aktiwiteite, kom ons groei ons familie tot die beste en sterkste Chapter in SA.

Geniet elke oomblik op julle bikes, geniet elke oomblik van die vriendskappe wat gesmee word, geniet die klub.

Hou die wiele op die Pad.

Blackie

CHAPTER CHARITIES

Ulysses Centurion ondersteun Sumsaren Kinderfonds

Ulysses Centurion is tans betrokke by Sumsaren Kinderfonds. Martie wat aan stuur van sake is in Groot Marico, help tans kinders in Huis 6 met kos, klere, skoolfonds asook om die kinders skool toe en terug te vervoer. 100 skoolkinders word ook jaarliks voorsien van skoolbehoeftes, terwyl 23 kleuters ook op daaglikse basis kos kry. Daar word ook kos voorsien aan 65 gesinne in die dorp. Om hierdie voorsiening moontlik te maak bied ons 'n Barnyard funksie aan. Ons doelwit is om 200 kaartjies te verkoop, wat 'n totaal van R18,000 in die Sumsaren fonds sal kan instoot.

Die Chapter help ook met die versorging van 158 bejaardes in Groot-Marico waar ons maandeliks tandepasta, seep, toiletpapier en klere bymekaar maak. Nie-bederfbare kos soos meel, suiker, sout en blikkieskos is ook broodnodig.

Kontak Annalie 0824931641 indien jy meer wil weet van Sumsaren of by die projek betrokke wil raak.

CHAPTER MAJOR TRIPS

Centurion Chapter has several major fixed trips during each year

Over the course of many years, a few of the major trips planned by the Ulysses Centurion Chapter have become fixtures on our club calendar. These trips are usually multi-day excursions and doing all of them is a rite of passage in the club. Most members will have done several of these and will endeavour to do at least one or two of the majors in a year, if not all of them.

Our chapter's "majors" include the **Mannetrip, National Rally, Midlands and Scarecrow** runs. The Mannetrip is usually planned around Valentine's Day each year - for no particular reason, Love – just need to get away with the boys, that's all… This run takes the guys to the areas around Majuba and surrounds and includes some lovely scenery and also some dirt road work for the braver souls.

The **National Rally** is usually around May each year to various locations, our **Midlands** run is usually around August and centred around the Natal Midlands and the **Scarecrow** is in September to the Lowveld. Keep an eye out for more details about these runs in future newsletters.

We had another successful Mannetrip in February 2019 with around 60 bikes participating and members from a few other chapters joining. As it turned out, the weather did not play along and most chaps chose to

sit the major ride out on Saturday, when it rained incessantly and to the extent that any suggestions of riding on dirt was considered downright dangerous.

UPCOMING CHAPTER EVENTS: QUARTER 2

Centurion Chapter is planning the following events for Quarter 2: April – June 2019

- Amatola Run (27 April) Maiden run of this event
- National Rally (10 May) More than 40 members from the chapter attending
- Overnight run to Magoebaskloof (15 June)

MEMBERS' NEWS

Life events of our members

In Ulysses Centurion, we are a family and we celebrate each other's milestones. The following members had good reason to celebrate in the last quarter:

	January	**February**	**March**
Birthdays	Thelani Scholtz Rinca Swart Deon Joubert Johan Opperman Gerrie Klopper Carel Smit Susan Kruger Willie Schickerling Flip Bezuidenhout	Petru Bergh Caro Botha Derick Carstens Sean Williams Wilma Martin Fred Robertson Francois Joubert Marianne Walton-Pearce Zelda Naudé Armand du Bois Braam Pretorius	Gerhard Odendaal Johan Bergh Christelle Doman Juan Prinsloo Hennie Botha Deon Strauss Alfred Lezar Flip Fourie Gert Jacobs Willie Human Gerrie vd Berg Johann vd Westhuizen
Anniversaries	Johan & Wilma Bergh	Sean & Louise Williams Fred & Zelda Robertson André & Francaise du Preez	Francois & Rae du Plessis Flip & Elsabe Fourie Flip & Ingrid Bezuidenhout Dawie & Thelani Scholtz Itel & Annamarie Zurich Hennie & Vera Moolman Johann vd Westhuizen

4C (COLOURFUL CHARACTERS OF CENTURION CHAPTER)

Our newsletter features a member of our chapter and their bikes

In this issue, we talk to Japie about his life with bikes

1. Wie is Japie? Waar kom hy vandaan en wat doen hy vir 'n lewe? Japie het grootgeword in Pta Noord. Is tans 'n vervaardigende Juwelier en eienaar van Jeané Juweliers in Centurion Lifestyle Sentrum

2. Wanneer het jy in bikes begin belangstel? Stel al my lewe lank belang in motorfietse.

3. Wat was jou eerste bike? My eerste fiets was n Honda 125 in Kaapstad wat ek so 3 maande gery het

4. Wat was jou lekkerste bike en hoekom? Lekkerste bike was eerstens n Kawasaki 1000R (Eddie Lawson replica). Latere jare Honda Blackbird.

5. Van wanneer af is jy in Ulysses Centurion Chapter? Het Ulysses Centurion gejoin in 2007 toe hulle 12 lede was.

6. Watse bike ry jy tans? Hoekom het jy dié betrokke bike gekies? Ry tans n BMW 1200 GS. Baie gemaklike fiets op teer sowel as grond. Grondpaaie bring mens by ongelooflikke mooi plekke uit

7. Wat is die grootste ongeluk wat jou ooit op 'n bike trip oorgekom het? Het hier in die tagtigs vir Sultan gery. Het n Kawasaki Z650 gery. Een aand so 8 uur (na ons lekker verdwaal het in Oos Transvaal). So 140 op 'n grondpad neergeslaan. Gelukkig geen beserings (behalwe ego).

8. Wat was jou en Carina se lekkerste bike trip saam nog ooit? Lekkerste biketrip saam met Carina was Nationals in Oos London waarna ons tot in Kaap en toe Weskus opgery het. Was een awesome trip gewees! Alleen trip was 5 countries wat ek in 2016 saam met my 2 boeties gedoen het.

9. Vertel ons van jou seun en hoe jy hom tans leer bike ry – wat is die belangrikste ding wat jy hom leer van bike ry? Ek en Juan het n paar jaar saam offroads gery (net vir pret). Toe hy groot genoeg is die off roads verkoop en sy eie transport vir hom gekoop. Belangrikste wat ek hom leer is om verantwoordelik te ry en vir al die ander padgebruikers om jou te dink.

BACKCHAT

A loud noise emanating from the rear end…

Motorcycling is not only about the chap in front and our newsletter will also carry a feature on the view of the pillions, the handbrakes, the carry-ons, "die agteroppies"….because they matter.

In hierdie uitgawe praat ons met Susan Kruger (Werner se agteroppie…..)

1. Vertel ons van jouself – wie is jy en waar kom jy vandaan? Ek is gebore in Cradock in die Oos-Kaap en het as kind die land vol getrek saam met my ouers. My pa het vir Waterwese se konstruksieafdeling gewerk. Ek is na skool Tukkies toe om Biblioteekkunde te swot. My eerste werk was by die destydse Brandstofnavorsingsinstituut. 'n Vriendin saam wie ek gewerk het, het my en Werner aan mekaar voorgestel. Liefde met die eerste oogopslag! Ek het na 'n jaar by die Instituut 'n pos gekry in die Unisa Biblioteek, en dis waar ek steeds werk.

2. Hoe lank is jy en Werner al getroud? Ek en Werner sal die 30ste April 36 jaar getroud wees.

3. Hoe lank ry jy al bike saam met Werner? Ek ry van ons begin vry het saam met Werner bike. Daar was 'n tyd wat ek min saamgery het, te besig met die kindertjies! Ons het seker so 15 jaar gelede weer gereeld begin ry, toe hulle groter word.

4. Wat is die vêrste trip wat julle al saam gery het? Ek dink die verste trip wat ons gedoen het was Botswana en Namibië. Ons het in twee weke so 5300km afgelê, saam met Francois en Annatjie Joubert.

5. Wat is die grootste uitdaging vir jou met agterop saamry op die bike? Om agterop te ry is vir my eintlik 'n fees. Vir my is dit 'n tyd wat ek nie nodig het om enige iets te beheer nie. Ek vertrou Werner volkome. Ek maak dan kop skoon. Die enigste uitdaging tans is om op die bike te kom wanneer die panniers aan is - my bene is net-net te kort om dit gemaklik te doen!

6. Wat is die bangste wat jy ooit agterop 'n bike was? Die bangste wat ek ook was, was tydens bogenoemde Botswana/Namibië toer. Ons het die eerste aand by 'n lodge naby Tom Burke oornag, en die pad in na die lodge toe was baie sanderig vir 4 km. Ons het baie moeilik en gly-gly gery. Die sand het die bikes erg rondgegooi.



7. Wat is die lekkerste agterop-ry bike wat Werner ooit gehad het en hoekom? Lekkerste agterop-ry bike is beslis die BMW. Ek sit lekker regop en gemaklik. Ek kry feitlik geen wind nie en kan behoorlik sien waar ons ry. My agterstewe raak ook nie sommer moeg nie.

8. Is jy geïnteresseerd om ooit self te ry of te leer ry? Ek sou graag self wou ry. Toe ek op universiteit was het my broer my een vakansie begin leer, maar hy is toe terug weermag toe en ons het nooit regtig weer probeer nie. My familie meen ek is te versigtig om bike te ry, so ek berus maar daarby. Ek probeer maar om Werner mooi op te pas dat ons nog lank saam kan ry!

9. Wat pak jy ALTYD op 'n lang trip? Ek kan nie dink aan iets buitegewoons wat ek pak vir 'n lang trip nie, behalwe dalk 'n bietjie waspoeier, wat ek nie pak vir 'n naweek nie. Verder maar die gewone brille, pille ens.

Till the next issue – keep the rubber on the road, disgracefully!
H

Key chapter contacts:
President: Blackie Swart (082 404 9651)
Vice President: Flip Fourie (083 291 3310)
Chapter liaison: Francaise du Preez (083 320 8124)
http://www.ulyssescenturion.co.za/